Hekel die ONSE VADER

deur HENRIETTE LOUW, foto's deur VIC WASSERFALL

Hierdie stukkie handwerk is as nagedagtenis aan 'n geliefde moeder gemaak en omdat almal wat dit sien graag die patroon wil hê, plaas ons dit vir ons leseresse

VERLEDE jaar is mev. Rachel Botha van Pretoria se moeder oorlede en in haar werksak was daar nog drie bolle hekelgare waarmee sy nog iets wou hekel.

Mev. Botha het toe gevoel dat sy iets heel besonders met hierdie hekelgare wou maak en het toe besluit om die *Onse Vader* te hekel en te raam. Dit het haar amper 'n volle maand gekos om hierdie handwerk te voltooi, maar elkeen wat dit sien, bewonder dit en wil die patroon hê.

Die hekelgare in die werksak was Fil De'Cosse nr. 30, deesdae blykbaar heeltemal onverkrygbaar, maar mev. Botha het ook dieselfde patroon met Coats Chain-hekelgare nr. 30 gemaak en dit is net 'n klein rapsie groter.

Kartonplank word 'n donker kleur geverf, die hekelwerk word daaroor gespan en die kante word dan met vangsteek aan die agterkant gewerk. Daarna word die kunswerk geraam.

BENODIGDHEDE

7 bolle Coats Chain Mercer-hekelgare nr. 30; hekelpen 4½ — 21; karton plank van ongeveer 56 x 74 cm; donker kleur verf vir agtergrond; groot genoeg raam met glas.

AFMETINGS

55 x 72 cm wanneer klaar gehekel
56 x 74 cm wanneer klaar gespan.

AANWYSINGS

Stel 405 kettingsteke op en hekel 133 spasies van 2 kettingsteekspasies en volg daarna diagram.

AFWERKING

Vou kante netjies om rand van plank en werk met vangsteek vas. Raam onder glas.

BO: Hierdie *Onse Vader* is met Fil De'Cosse nr. 30 gehekel. Net drie bolle hekelgare is hiervoor gebruik en na voltooiing was die afmetings 55 x 70 cm. Met die dikker hekelgare sal die voltooide werk effens groter wees.

Sny die p[illegible]roon uit: plaas die twee dele teenmekaar en las



■ — Blokkie
□ — Spasie